DEEL 116 | WEEK 31 | 2 AUGUSTUS 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Misdadiger teister Raubenheimer

Die inwoners van Heilbron was in die vroeë oggendure van Donderdag in rep en roer toe 'n onbekende man paniek gesaai het in Raubenheimer Straat. Die voorvalle het net na middernag plaasgevind en het vir groot ontsteltenis gesorg. Lida de Wit het alarm gemaak toe sy 'n onbekende man in haar erf omstreeks 00:30 op haar veiligheidskamers opgemerk het. Die sekuriteitskameras het die man vasgevang terwyl hy oor die agterste hek geklim het, wat die alarm geaktiveer het. Die skrik van die alarm het die man na die hoek van die roostuin laat hardloop, waar hy verdwyn het. Lida se seun, Stefan, het onmiddellik ondersoek ingestel, maar kon niks verdag vind nie. Daar word vermoed dat die man gevlug het na Dries Cilliers se erf in Stoffel Nel straat.

In nog 'n voorval is daar by 'n polisie beampte se huis ingebreek omstreeks 02:00. Die beampte, wat wakker geword het van die geluide, het die indringer betrap en waarskuwingskote afgevuur. Die verdagte het in die nag verdwyn en sy mussie op die toneel agtergelaat, wat na forensies gestuur word vir verdere ondersoek.

Die misdadiger het egter nie stil gesit nie en het later by Tammy Watson se huis ingebreek. Watson het wakker geskrik toe sy die man in haar kamer gewaar besig om haar televisie te steel. Sy het probeer om kalm te bly en het gemaak of sy slaap, maar die man het haar wakker gemaak en haar selfoon en bankkaart geneem en beide se pin kodes geëis. Watson verduidelik dat die man vir haar gesê het “just relax” en met die ander man in die gang verder gesprek gevoer het. Tammy sê sy het vir die man verduidelik dat sy die paniek knoppie gedruk het en dat polisie reeds op pad was. Die persone het geskrik en die toneel gevlug. Tammy het ongeveer 10 minute gewag en na haar pa, Abrie Watson, wie se huis laer af in die straat is, gaan hulp soek. Abrie het onmiddellik na die verdagtes gaan soek. Daar word beweer dat 'n voertuig se ligte 03:15 naby die oop veld by Hoërskool Heilbron gesien kon word. Tampies Swart van die Beheerkamer het die kringtelevisie van 02:30 tot 03:30 deur gegaan, maar kon niks verdag optel nie. Polisiekommissaris, John Moketi, het gesê dat hulle nie glo dat die man van buite die dorp is nie, maar eerder 'n plaaslike misdadiger. Hy het die gemeenskap verseker dat die polisie alles in hul vermoë doen om die verdagte vas te trek en voor die gereg te bring. Die polisie het twee sake geopen en doen 'n beroep op die publiek om enige inligting wat kan help met die ondersoek, onmiddellik aan te meld. Die gemeenskap word aangeraai om ekstra waaksaam te wees en seker te maak dat hul huise goed beveilig is.









# UIT DIE PEN:



## Week 31

Kliek. Dis al wat my brein moes maak. Ek dra amper nie meer my Standbeeld nie. Ek kan op my seer voet staan!

In die verlede het ek by Paul, die fisio, gehuil omdat ek te bang was om gewig op my voet te sit. Vandag het ek hartlik gehuil van blydskap. Ek het sonder die maanstewel en sonder 'n kruk geloop! Met Paul langs my wat my aanspoor en elke keer my lyf na regs te druk. Hy laat my sit en in die spieël kyk terwyl ek opstaan en weer gaan sit. My hele lyf neig na links omdat ek myself so geleer het terwyl ek gekruk was.

Hy sit 'n oefenrek om my knieë en ek moet weer opstaan, hierdie keer my knieë in lyn met my lyf hou en so ook my standbeeldvoet. Ek is amper soos die politiek wat meer links is as regs. Ek kyk na myself in die spieël wanneer ek opstaan sodat ek myself reg kan posisioneer.

Ewe skielik weet ek waarom my regterheup, wanneer ek op my regterkant slaap, seer word: my regterbeen word nou ewe skielik meer na die regterkant gedruk, wat 'n ongewone posisie is.

Ek moet vandag vir 'n uur lank 'n tekkie aan die standbeeldvoet dra. Môre doen ek dit vir twee ure, die dag daarna vir drie ure. En nà gister se oefening, brul ek vandag as ek op my voet trap. Maar ek weet dat ek moet deurdruk. Ek is so naby.

Kom ons draai gou terug na verlede week.

Ek was mismoedig omdat die borrelende 20 jarige al verder gevorderd is as ek. Sy het beide haar tibia en fibula gebreek. Sy stap al sonder haar krukke. Ek het gewens dat ek ook tot daar kon kom. Ek het regtig probeer.

Die alewige opmerkings soos "hoekom vat dit so lank?" en "toe Sannie haar been gebreek het, het..." help ook nie. Of wat van: “dis so klein beentjie wat gebreek het, jy behoort…”

Ek het vertel dat ek verlede week met een kruk begin loop het. Weliswaar 'n week later as waarvoor my Fisio beplan het. Maar ek het dit reggekry. Ek loop nie meer wankelrig nie.

Ek kan nou vir myself 'n heerlike koppie Earl Grey maak en dit self tot in my kantoor dra. My een kollega sê: “This is progress!”

Ek was so opgewonde toe ek die eerste keer met my een kruk na 'n kantoor op 'n ander vloer loop. Ek sukkel, maar ek oefen. Soggens en saans strek ek my voet met 'n rekband. Ek probeer ook my voet na die kante toe wikkel.

Ek ek bid. Ek volhard in gebed. Toe ek die eerste keer met een kruk verby ons ontvangsdame stap, lag sy uitbundig. En ek sê: Hierdie is my getuienis dat gebed wèrk. Daar is geen ander rede nie.

Ek kan nou deur die onvriendelike deure stap, daardie deure wat sy eie toemaakding (dit lyk soos 'n skokbreker) bo-aan die deur het, stap. In die verlede moes iemand die deur vir my kom oopmaak. Nou druk ek die deur oop, posisioneer my kruk teen die deur, neem een tree en beweeg my kruk vorentoe. Wanneer ek die volgende tree gee, maak die deur stadig agter my toe. Dieselfde by die badkamer. Ons ontvangsdame moet my egter kom help om uit te kom, want die deur is eenvoudig te stram.

Ek kan self tot by ons raadsaal loop, met een kruk, en selfs my notaboek saamdra. Nog nie my rekenaar nie, ek is darem nie onverskillig nie.

Ek het Sondag vir die eerste keer met een kruk kerk toe gegaan. Die kerk se mat probeer my die hele tyd briek, maar ek kan darem tot by my stoel loop. Later wys ek dat ek met drie trappe kan opklim. Thèrése is verstom: "Maar jy kon dit nie verlede Sondag doen nie!"

Dis darem opmerklik hoe 'n maanstewel en 'n paar krukke geselskap kan maak. Die ander dag is ek flink op pad na Paul se spreekkamer (lees "torture chambers") toe 'n pragtige middeljarige vrou my stop.

Wat het gebeur, vra sy.

Ek vertel my standaardstorie: ek het gaan tandem valskermspring en toe maak die instrukteur se valskerm nie oop nie. Hy val toe bo-op my. Wanneer ek by hierdie gedeelte van die storie kom, begin ek gewoonlik lag. "Ek vertel jou hierdie storie want die ware storie is regtig vervelig."

In twee sinne vertel ek dan hoe ek op die plaveisel op 'n paar akkertjies en gruisklippies gegly het. Die middeljarige vrou vertel van haar motorongeluk in Februarie en dat sy net bindweefselskade opgedoen het. "Ek is darem amper sewentig."

Ek skrik my dood en wil amper my (een) kruk laat val. Want sy lyk soos 'n begin-sestiger. Ek kyk nader, daar is nie 'n permanent verdwaasde uitdrukking op haar gesig soos wat met die gebruik van Botox en fillers die geval is nie. Sy lyk net glad nie amper sewentig nie. Sy lyk sag, soos iemand se vriendin.

Iemand anders kyk in 'n winkel na my maanstewel en sê: "Ek het ook so ding gedra." Sy vertel my verder van haar besering.

Ek stap tot heel agter in die winkel (behalwe vir kruidenierswinkels, is die meeste kasregisters aan die agterkant van die winkel). Mense maak pad wanneer ek, my Standbeeld en my krukke aankom. En ek sê beleefd dankie.

Iemand vra: “Hoe lank nog?” Wil ek ook weet, wil ek sê. Dan sê ek maar wat ek glo en waarvoor ek bid: seker so twee weke.

Show stopper of Show-off? Ek kan deesdae nogal kies.

# Heilbron juig oor water

Randwater het verlede Vrydag, nadat 'n betalingsplan met 'n betaling van nagenoeg R20m van die Ngwathe Munisipaliteit aanvaar is, die krane letterlik oopgedraai en 'n toevoer van ongeveer 8,5 Megaliter per dag aan die munisipaliteit herstel. Ngwathe se skuld aan Randwater het toe ongeveer R72m beloop.

“Volgens die betalingsplan moet maandeliks aan Randwater R3m betaal word met verdere betalings van R3m elk telkens wanneer die munisipaliteit drie maal per jaar sy interowerheidstoekennings bekend as die sogenaamde "billike deel" (equitable share) ontvang” sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Volgens die waarnemende munisipale bestuurder, Dr FP Mothamaha, sal die munisipaliteit die fondse wat nodig sal wees om die betalings te doen genereer uit 'n finansiële omkeerplan wat tans ge-implimenteer word met die doel om inkomsteverhaling grootliks te verbeter. Stappe is reeds gedoen om kragdiewe te identifiseer en verskeie oortreders se kragtoevoer is reeds in Parys gestaak.

Die aksie sal binnekort na ander dorpe in Ngwathe uitgebrei word. Werkers wat deel vorm van die EPWP span ('n staatsondersteunde werkskeppingsprogram) is opgelei om sleutel munisipale personeel by te staan om oudits te doen van krag en watermeters sodat meters wat gebrug is en selfs watermeters wat nie op die munisipale rekeningstelsel verskyn nie, ge-identifiseer kan word om verbruik van die verbruikers te verhaal. Wanbetaling vir dienste bly die grootste rede vir Ngwathe se finansiële moeilikhede. Die stelsel waarkragtens betaling van agterstallige rekeninge vir dienste anders dan elektrisiteit gevorder word deur 40% van 'n verbruiker se kragaankope daarheen te kanaliseer sal ook streng toegepas word. “As Ngwathe nie drastiese stappe doen om sy inkomste te verhaal nie sal die munisipaliteit nooit uit sy finansiële dilemma kan uitstyg nie” maan raadslid Van der Merwe.

Waterverliese moet ook dringend aandag kry en die inisiatief van die Heilbron area bestuurder om 'n taakspan daar te stel om waterlekke te identifiseer en te herstel moet verwelkom word. Soos berig in Heilbron Herald van 26 Julie 2024 het Raubex, die kontrakteur wat tans aan die Sasolburgpad werk, 'n aantal werkers aan die munisipaliteit beskikbaar gestel waarvan sommige opgelei is om die taak aan te pak. “Ek vertrou dat al die voorgenome aksies sal meewerk tot die verbetering van Ngwathe se kontantvloei deur die vermeerdering van verhaling van inkomste en die besnoeiing van verkwisting” sê raadslid Van der Merwe verder. “Alleen dan sal Ngwathe sy verpligtinge kan nakom”.

# Nuwe Munisipale bestuurder

Vroeër hierdie week was daar skielik verwag Ngwathe sou gister sy nuwe munisipale bestuurder aanwys. Die munisipaliteit is reeds byna agtien maande sonder een, na die onverwagte (en steeds geheimsinnige) bedanking van 'n nuwe bestuurder verlede Maart - slegs enkele maande nadat sy diens aanvaar het. Die administrasie word sedertdien beheer deur waarnemende bestuurders. Die jongste een, Dr Futhuli Mothamaha, is onlangs in Mei aangestel, en sal dien totdat iemand permanent in die pos aangestel word.

“Hoe gouer, hoe beter,” sê DA-raadslid Robert Ferendale, "Ngwathe het 'n permanente munisipale bestuurder nodig, want sonder ferm leiding gebeur min." As voorbeeld verwys hy na die onlangse gesloer om met Eskom ooreen te kom om weer normaalweg drinkwater aan Heilbron te verskaf. "Die gesloer was tot enorme ongerief en koste vir inwoners en sakelui". Die waternood is verlede week eers opgelos, toe Dr Motomaha met fermheid en spoed opgetree het (Heilbron Herald 26 Julie, en vandag)

Dinsdag was daar onverwags kennis van 'n dringende raadsvergadering. Prominent op die agenda was die aanwysing van Dr Mothamaha as permanente munisipale bestuurder. Die vergadering is gereel vir gisteroggend, en Heilbron Herald verneem dit wyd verwelkom. "Hy het 'n doktorsgraad in sakebestuur, en verskeie ander kwalifikasies wat hom laat uitstaan bo meeste," sê Raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor Ngwathe se munisipale geldsake. Hy sê Dr Mothamaha is ook 'n kenner van kleinsake, toerisme, en ekonomiese ontwikkeling, alles dinge waarin Ngwathe se dorpe soos Heilbron 'n groot behoefte het. Ander raadslede sê aan Herald dat Mothamaha "altyd beskikbaar is" en vinnig optree om probleme te probeer oplos.

Maar by ter perse, was sy beplande aanstelling blykbaar omstrede. Die omstredenheid mag verband hou met faksie- gevegte binne die leierskorps van die regerende party.

# Eeufeesdam: "Herbou en geniet"

DA-raadslid Robert Ferendale droom graag oor hoe om Heilbron se eens pragtige Eeufeesterrein te hernuwe. Hy sê hy en vriende het verlede week weer gaan kyk. "Dis hartverskeurend 'n pragbate wat verval het in 'n gemors, 'n skandvlek in ons dorp." Twee keer tevore het hy gaan kyk, en dan daarna gepleit dat die oord herstel word in briewe aan die Areahoof van Ngwathe Heilbron.

Hy vertel hoe erg vervalle die oord is.

Dit was vroeër 'n gewilde munisipale ontspannings- en piekniekterrein. “Dit het ook 'n inkomste gelewer, en kan dit weer doen,” sê Ferendale. Maar die eens pragtige fasiliteite lê nou in puin, met skade waar jy kyk. Hy kon sien hoe dakke, vensters, deure en elektriese kabels alles uitgeruk is deur vandale, of weggedra word deur diewe.

Hy wil steeds hê dat wat oorbly weer herstel word, hoewel dit werk en baie geld sou verg. Daarom het hy destyds spesifieke voorstelle aan die munisipaliteit gemaak. "Maar niks het gebeur nie, net verdere verval." Hy wil nou weer probeer. "As gemeenskap moet ons eis dat 'n aksieplan onmiddellik opgestel en uitgevoer word.

Ferendale verwys na munisipaliteite onder DA-beheer in die Wes-Kaap. “Hulle versorg en verbeter hul eie oorde deurlopend. Ook Midvaal in Gauteng (wat Meyerton en Vaal Marina insluit) se munisipale bates sprankel.” Midvaal word reeds meer as 'n dekade deur die DA beheer. “Kom ons leer by hulle, en ruk Eeufeesdam weer reg,” vra Ferendale. Hy sê inwoners kan hom gerus kontak by 064 863 8203.







# Tot ons mekaar weer sien...



Hettie Els is oorlede op 28 Julie 2024, op die ouderdom van 93. Haar begrafnis vind plaas vandag om 10:00, vanuit Huis Bron-van-Heil. Sy was woonagtig in Huis Bron-van-Heil en het vroeër jare by Clover gewerk en tot en met haar aftrede by die landdros. Hettie laat na haar seun Connie van Niekerk, skoondogter Marina en kleinseun Rudi.

# Niekie J van Rensburg oorlede



Niekie Jansen van Rensburg is oorlede op 31 Julie 2024. Sy begrafnis vind plaas Saterdag 3 Augustus, vanuit die NG Kerk Moedergemeente. Niekie laat na sy eggenoot Wilma, kinders en kleinkinders.

# Prettige graad R-leerders

Die Graad R-leerders van Hoërskool Heilbron het verlede Vrydagmiddag die verkeer by die parkeerterrein bietjie reggeruk. Ouers in die parkeerterrein het onder andere boetes ontvang vir vuil motors, selfoongebruik in die parkeerterrein, helder flikkerligte, en die moord van insekte.

In 'n pragtige gebaar vir Mandela-dag, het die Graad R-klas van Hoërskool Heilbron hul terreinwerkers bederf met lemoene. Die kleintjies het ook gehelp om die tuin in *pragkondisie* te hou, terwyl die terreinwerkers gesmul het aan die heerlike lemoene wat die kinders aan hulle verskaf het.






# Geliefde inwoner oorlede




Gerald Rademeyer het diep spore in mense se lewens getrap, nie net by die Heilbron Rolbalklub nie, maar ook in die hele gemeenskap. Gebore en getoë in Aberdeen, het hy sy skoolloopbaan daar voltooi en na skool by die Korrektiewe Dienste gewerk. Later in sy lewe het hy by Salati suiker gewerk, waar hy 'n hoë pos beklee het, het Gerald het sy eerste vrou, Doreen, ontmoet en uit hierdie huwelik is twee pragtige seuns gebore. Ná haar afsterwe, het Gerald op 'n latere stadium sy tweede vrou ontmoet, maar ongelukkig het hierdie huwelik nie geslaag nie. Hy het na Heilbron verhuis, waar hy by die rolbalklub aangesluit het en Petro Habig ontmoet het. Petro verduidelik dat rolbal Gerald se lewe was. Ondanks Gerald se gesondheidsprobleme, het dit hom nie gekeer om sy passie vir rolbal uit te leef nie. Van kleins af het hy gesukkel met rugprobleme en het vir fisioterapie gegaan, maar niemand kon die probleem regstel nie. 'n Paar jaar gelede is Gerald met 'n gewas in sy rug gediagnoseer. Hy het 'n operasie ondergaan en is later by Huis Bron-van-Heil versorg. Ten spyte van die pyn wat hy soms ervaar het, was Gerald altyd positief en vriendelik. Niks kon hom onder kry nie. Sy lewe het om rolbal gedraai, asook 'n hond van sy kind wat vir hom soos 'n kleinkind was. Gerald se vriendelikheid, positiwiteit, en liefde vir rolbal het hom 'n geliefde lid van die gemeenskap gemaak. Gerald Rademeyer sal altyd onthou word vir sy diep spore en die groot impak wat hy op almal se lewens gehad het. Sy herinnering sal voortleef in die harte van diegene wat hom geken en liefgehad het. Hy sal baie gemis word.









# Visvang gogga byt Elizbé




Die visvang-gogga het Elizbé Basson behoorlik beetgepak. Basson en haar span het die koue trotseer en verlede naweek by Mihanzi Vaaldam, net buite Oranjeville, gehengel tydens die Gys Pitzer Winter Classic. Die toernooi het 'n eerste prys van R100 000 aangebied en is georganiseer deur Gys Pitzer, 'n motormaatskappy wat baie vir die hengelgemeenskap doen. Elke visserman het vanaf die oewer gehengel, en Elizbe en haar span het hulself goed van hul taak gekwyt. Hulle het 15de geëindig uit 'n totaal van 96 penne. Alhoewel hulle nie die eerste plek behaal het nie, het elkeen 'n geskenkbewys ontvang as erkenning vir hul deelname. Elizbé se span het in totaal vyf visse gevang met 'n gesamentlike gewig van 10.05 kg. Sy het ook 'n besonderse spieëlkarp van 4.25 kg ingepalm, wat hulle in die top 20 gehou het en uiteindelik hul 15de plek verseker het. Gys Pitzer, wat al heelwat visvang kompetisies aangebied het, het weereens bewys hoe hulle baie vir die hengelgemeenskap doen, en hierdie jaar se Winter Classic was geen uitsondering nie. Dit was 'n onvergeetlike naweek vir Elizbé Basson en haar span, wat met trots hul prestasie kan vier.




*Op die foto vl: Elisbé Basson, Nelka Erasmus en Llewelyn Wakefort.*

# Skoolsluiting by Sandersville

## *Die waarheid agter die gerugte*

Sandersville Gekombineerde Skool is onlangs die middelpunt van gesprekke nadat gerugte die ronte doen dat die skool onveilig is en leerders slegs elke tweede dag skoolgaan. Die erens van die saak is wel baie ligter as die gerugte. Die skool het wel strukturele uitdagings in die gesig gestaar. Soos enige gebou, het Sandersville Gekombineerde Skool agteruitgegaan oor tyd. In 2018 het die skool uitgebreide renovasies ondergaan waar herstelwerk gedoen is. Gedurende die jaar van 2024 het die plafon van een van die klaskamers ingeval, wat veroorsaak het dat die klas na 'n ander kamer verskuif is. Die skool het onmiddellik 'n verslag by die Departement van Onderwys ingedien. Gedurende die eerste kwartaal van hierdie jaar het 'n storm verdere skade aan die dakke en plafonne veroorsaak. Die skool het hierdie situasie as gevaarlik vir die onderwysers en leerders beskou en onmiddellik die Departement van Onderwys in kennis gestel. Die beskadigde klasse is afgebaken om te verhoed dat enige leerder beseer word. 'n Verslag is ook deur die Departement van Arbeid opgestel na hulle besoek aan die skool, wat aandui dat dringende aandag aan die klaskamers gegee moet word. Sandersville Gekombineerde Skool het ook vyf asbesklaskamers wat leeg staan omdat dit nie meer gebruik mag word nie weens gesondheidsrisiko's. 'n Verslag en versoek is ingedien vir die verwydering van hierdie asbesklaskamers. Elke jaar ondersoek die skool die geboue vir enige foute en dra dit oor aan die betrokke departemente Die skool ontvang jaarliks slegs R13,000 van die staat vir klein herstelwerk soos vensters. Mev. RD Ruiters, hoof van die skool beklemtoon dat hierdie stappe nie net 'n verpligting is nie, maar ook noodsaaklik om die veiligheid van die leerders te verseker. "Die veiligheid van ons kinders is van uiterste belang," sê sy. Die Departement van Onderwys was Maandag weer by Sandersville om verdere aksies te bespreek saam met die Departement van Arbeid. Mev Ruiters verduidelik dat die grondslagfase en graad 12 elke dag skoolgaan, terwyl die res van die leerders afwisselend skoolgaan. Hierdie reëling is soortgelyk aan die protokol wat tydens die Covid-19-pandemie gevolg is. Vandag sal die twee departemente weer by die skool vergader om die pad vorentoe te bespreek. Na die herstelwerk sal die onderwysers alles in hul vermoë doen om leerders vinnig op datum te kry en spesiale hulp te bied aan dié wat dit nodig het. Sandersville Gekombineerde Skool bly verbind tot die veiligheid en opvoeding van sy leerders, ten spyte van die struikelblokke wat die afgelope tyd ervaar is.



*Op die foto vl: Mnr JM Minnies, die voorsitter van die Beheerraad, Mev. RD Ruiters, skoolhoof en Mnr GC West, adjunkhoof.*




# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

## DESSERTS

Crème brûlée always hits the spot. Nothing is more satisfying than the rich creamy custard of a brûlée that's balanced with the sharp, bitter brittle of that burnt sugar top. Most home cooks would not attempt it, but this easy and fail proof recipe might change your mind.

Preparation time – 25 minutes | Cooking time – 20 minutes Cooling time – 6 hours
Serving – 4 people

**CARAMELIZED VANILLA CRÈME BRÛLÉE**
**Ingredients for the Crème brûlée**
6 egg yolks, 100g brown sugar, 1000g cream, 1 vanilla bean, seeds only (or 1 tsp vanilla paste)
4 tbsp Castor sugar for dusting

**Method for the Crème brûlée**
Add the egg yolks and brown sugar to a mixing bowl. Mix yolks and brown sugar with a whisk until just combined. In a small pot, heat the cream and vanilla bean until warm. MUST NOT BOIL. Now pour a little cream over the eggs while stirring, until smooth and then slowly mix in the remaining cream. Puree the mix with a hand blender until smooth and pour into shallow baking tray. Bake at 160°C for about 10 min, or until just set. Increase oven temperature to 200°C and bake until it forms a golden-brown crust, about 5-10min. the mixture will split (look like scrambled eggs). DON'T WORRY, it is normal. Now pour the mixture into food processor/ liquidizer and blend to a smooth paste. Strain through a sieve and divide your mixture into 4 ramekin bowls for serving. Tap the bowls on the counter to make sure they spread out evenly. Cover the surface with plastic wrap and let it set in the fridge for 6 hours before use.

Once ready, sprinkle the top evenly with castor sugar and burn with a gas flame to caramelize evenly.



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBUS JOHANNES DOMAN,** Identiteitsnommer: 490918 5065 08 1, in lewe 'n pensionaris woonagtig te Plot Geloof, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met **Cornelia Magrietha Doman,** Identiteitsnommer: 510209 0039 08 1.
**DATUM VAN AFSTERWE: 03 Septemeber 2023**
**BOEDELNOMMER : 002238/2024**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **HARMSE**
First names: **DANIëL GERHARD**
Estate number: **3204/2024**
Identity/passport number: **5604265047088**
Date of death: **9/03/2024**
Last address: **THE FARM SCHURVEKOP, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 0588522035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2024/07/23**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/08/02**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **ELIZABETH JOHANNA VAN ZYL, Identiteitsnommer 391109 0024 089,** wie getroud was buite gemeenskap van goedere, in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Huis Bron-van-Heil, Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 008184/2023**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPVDM/ne**

## FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

## Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

## VOER TE KOOP

Kontak 083 688 8256

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub nuus


Gerald Rademeyer

Twee dames van Heilbron rolbalklub is gekies om aan die Masters deel te neem. Dit is die 2de jaar wat die prestige byeenkoms aangebied word. Baie geluk aan Ellie van Coller en Sonja Muller dit is 'n besonderse eer om vir die Masters gekies te word.

Edward Muller het die afgelope naweek die NFS verteenwoordig in die Quadrangular byeenkoms te Kimberley.

Ons groet ook 'n legende en 'n man wat diep spore getrap het by Heilbron Rolbalklub. Gerald Rademeyer was die President van Heilbron Rolbalklub vir baie jare en het die klub ook gegroei onder sy leiding. Hy het ook die versorging van die baan behartig, en net as jy 'n rolbalspeler is, weet jy hoeveel moeite daarin gaan. Hy het ook op die Valsrivier bestuur gedien. Hoewel hy reeds 'n geruime tyd weens gesondheidsredes nie meer by die klub betrokke kon wees nie, laat hy 'n leemte na met sy kennis van die sport. Ons gebede gaan uit na Petro wat die vrou agter die man was en sy familie.

RIV Gerald Rademeyer.

## Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 2024-07-27 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Richmond gevlieg die duiwe is om 08:00 gelos en hulle het oor 'n afstand van 591 kilometer terug na Reitz gevlieg. Ses lede en 134 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 15:09 geklok.

1. Wolmarans Hokke A, 2. Wolmarans Hokke A, 3. Wolmarans Hokke A, 4. Wolmarans Hokke A, 5. Reitz Lofts 2, 6. Heine Hokke, 7. Wolmarans Hokke A, 8. Reitz Lofts 3, 9. Reitz Lofts 2, 10. Reitz Lofts 2.


*Op die foto is Fritz Wolmarans van Wolmarans Hokke A met die wenduif.*

## Heilbron Duiwenuus

Verlede Saterdag was die wedvlugte van Middelburg in die Oos-Kaap oor 'n afstand van 550km. Die duiwe is 07:30 en 08:00 gelos. Die tweede wedvlug was vinniger omdat die wind later sterker geword het en kon die duiwe 'n spoed van 79 kpu handhaaf. Zenith het baie goed gevlieg en die eerste 3 plekke in die klub, asook die eerste 3 plekke in die NFS behaal. Baie geluk aan dr Piet van Zyl. Frik Viviers het die eerste wedvlug gewen. Volgende naweek begin die lang pad en wel vanaf Drie Susters.

**Middelburg 1**
1. F Viviers, 2. Zenith
3. Zenith, 4. Zenith
5. Zenith, 6. Zenith
7. D Cilliers, 8. Zenith
9. Zenith, 10. F Viviers

**Middelburg 2**
1. Zenith, 2. Zenith
3. Zenith, 4. F Viviers
5. F Viviers, 6. F Viviers
7. D Cilliers, 8. F Viviers
9. D Cilliers, 10. D Cilliers


*Op die foto Peet van Zyl en die hokversorger, Frans met hulle wenduif.*

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 5 AUGUSTUS 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
DINSDAG - 6 AUGUSTUS 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
ARLINGTON Vetvee veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
DEVON: OPEN RANGE BEEFMASTERS
11:00, plaas Leeuwkop
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WOENSDAG - 7 AUGUSTUS 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WARDEN: BLOUBERG & SANLEO
SIMBRA BULVEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228
BLOEMSKOU: 68STE NASIONALE
SAVM VEILING
10:30, Skouterrein
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
DONDERDAG - 8 AUGUSTUS 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
ROSENDAL Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 9 AUGUSTUS 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
Elsstraat 42,
HEILBRON
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON
POSTNET Courier
PostNet to PostNet
PostNet to Door
Domestic Services
International Services

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

Boeretreat
08:00
3 AUGUSTUS
2024
FINALE TYE VIR SATERDAG - SIEN JULLE DAAR!
08:00: HOKKIE BEGIN; 11:00: FEAR FACTOR; 12:00: KRAGMAN KOMPETISIE; 13:30: TOUTREK; 15:00: ROFSTOEI; 17:00: PRYSUITDELING; 18:00: ELOFF; 19:15: VEILING; 19:45: LOUFI; 20:45: BRENDAN PEYPER; 22:00: DJ TECH